Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 20 Julie 1949 Prys 3d. No. 35

# Churchill-Party Wil Empire-Bande Nouer Trek

**Die Konserwatiewe Party in Engeland, wat nog nooit van sy imperialistiese neigings wou afsien nie en wat moontlik aanstaande jaar die bewind sal herower, is van plan om die Britse Empire innerlik so saam te vleg dat daar nooit sprake van afskeiding by 'n dominium kan opkom nie al word hy ook 'n sogenaamde republiek. In 'n verkiesingsprogram wat onlangs openbaar gemaak is, word voorsiening gemaak vir 'n veel nouer samewerking tussen die Statebondslande as op enige ander tydstip sedert selfbestuur aan die kolonies gegee is.**

Die program doen aan die hand dat die stelsel van samesprekings tussen die Rykslande verbeter moet word, dat die eerste ministers meer dikwels byeen kom en nie juis altyd net in Londen nie — die indruk dat Londen oorheers moet natuurlik op hierdie wyse vervaag word ooreenkomstig die nuwe imperialistiese beleid wat oënskynlik „volkome," selfs republikeinse, vryheid aanbied onderwyl die innerlike bande van uitbuiting versterk word. Verder word aanbeveel dat 'n Statebondsregbank ingestel word om die werk van die huidige Geheime Raad te doen.

**VERDEDIGING**

**Die verdediging moet so ver moontlik gelykgeskakel en vervleg word deur onder andere 'n gesamentlike militêre staf, en volkome standaardisering van wapentuig.** Op handelsgebied word 'n stelsel van imperiale voorkeur aanbeveel en 'n verbeterde metode van ekonomiese raadpleging. **Imperiale voorkeur moet ook verleen word ten opsigte van immigrasie.**

Ten slotte wil die party dit ook moontlik maak dat daar meer amptelike en nie-amptelike verkeer tussen die dominiums sal wees op kulturele gebied. Dit moet insluit onderwys, godsdiens, die wetenskap, kuns, ens. Verder word die uitruiling van rolprente tussen die lande beloof asook goedkoop telefoon- en postariewe tussen die verskillende Statebondslande.

## Nehru Ontmoet Ontevrede Indiërs Van Naby

Pandit Nehru, eerste minister van Indië, wat sy beskermende hand wil hou oor die Suid-Afrikaanse Indiërs wat onder leiding van Kommuniste vir gelykstelling agiteer, het heelwat genoeg om hom in sy eie land mee besig te hou as gevolg van Kommunistiese opstokery. Hy het verlede week na Bengale gegaan om ondersoek in te stel na die politieke onrus in daardie gebied. By sy aankoms is hy begroet met klippe en 'n paar dae later is 'n bomaanslag op hom gemaak wat die lewe van 'n konstabel opgeëis het.

Nehru hoef dus nie na Suid-Afrika te kom om ontevrede Indiërs te vind nie.

## SPRING DADELIK AAN DIE WERK!

Genle. C. Meyer, hoofvrou van Gebied C, rig die volgende oproep tot die Ossewabrandwag:

**„Brandwagte van Gebied C, laat ons opsaal en weer ons slag lewer met O.B.-dag.**

**Augustusmaand is weer op hande en fondse is onmisbaar vir ons Beweging.**

**As u dit nog nie gedoen het nie, spring dadelik aan die werk. Reël 'n funksie in u omgewing, en as dit onmoontlik is, stuur dan u bydrae direk aan Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria. Elke lid van die O.B. moet sy en haar bydrae stuur; moenie uitstel nie, doen dit dadelik.**

Wat is die bietjie wat ons kan doen in vergelyking met die groot offers deur baie van ons volksgenote gebring?



GENLE. C. MEYER

Hartlike groete van u medeoffisier.

## SAL BILLIKE APARTHEID AANVAAR

**Mnr. J. D. Rheinalt Jones, voormalige direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut van Rasse-verhoudings, het in Bloemfontein verklaar dat hy heeltemal bereid is om algehele apartheid te ondersteun as dit aan ses vereistes voldoen:**

Die naturelle moet genoeg grond kry vir hul behoorlike ekonomiese ontwikkeling. Daar moet genoegsame kapitaal in die reserwes belê word ten einde die ontwikkeling moontlik te maak en 'n vrye ekonomie moet in die lewe geroep word. Die naturelle moet behoorlik opgelei en georganiseer word vir die soort ekonomie wat in werking gestel word. Hulle moet ook 'n sekere mate van selfregering hê. Daarby moet hulle 'n klein persentasie van die blanke se nasionale inkomste kry wat in die ontwikkeling van die reserwes belê word.

**Algehele apartheid op hierdie grondslag is heeltemal te rym met sy liberale opvattings, het mnr. Jones gesê.**

# Kan Goud Verdien Op Goeie Sake-Grondslag

**Die samesprekings tussen Brittanje en die dominiums se ministers van finansies het aan die begin van die week ten einde geloop. By ons ter perse gaan was dit nog nie bekend oor watter maatreëls daar besluit is om Brittanje se geldelike krisis te bowe te kom nie. Wat Suid-Afrika se houding op die konferensie was, kan wel afgelei word van min. N. C. Havenga se uitlatings by sy aankoms in Brittanje. Dit was heeltemal ander taal as wat die Britte in die afgelope jare van Suid-Afrikaanse kant aan gewoond geraak het.**

**Min. Havenga het reguit aan hulle gesê dat as Brittanje Suid-Afrikaanse goud wil hê, hy dit kan verdien op 'n grondslag van mededinging met ander lande.** Voorheen was die kreet by sulke geleenthede dat Suid-Afrika offers moet bring vir die land wat so swaar gely het vir die demokrasie.

Van Britse kant is, na berig word, daarop aangedring dat al die dominiums hul dollarinvoere met 'n kwart moet besnoei — net soos Brittanje doen. In 'n persondehoud het min. Havenga egter meegedeel dat die Unie nie belang stel in dollar-besnoeiings nie. Suid-Afrika is ook nie lid van die sterlinggebied se dollarpoel nie.

## PRYSE VAN PLAASPRODUKTE DAAL

Daar is alle tekens dat die pryse van plaasprodukte wêreldwyd aan die daal is, volgens die V.V.O. se komitee vir voedsel en landbou-organisasie. Hulle skryf dit hoofsaaklik toe aan verbeterde produksie en aan verminderde inflasionêre drukking.

Prysdalings was die grootste in Hongarye, Finland en Frankryk. Australië was een van die weinige uitsonderings op die reël.

# IDEE VAN HOEDERSKAP SAL STERKER NA VORE TREE IN KOMENDE JARE

**'n Herinnering aan die sosiale beginsels van die Ossewabrandwag wat in die moeilike jare wat voorlê sterk op die voorgrond sal tree, is vervat in 'n boodskap van die Kommandant-generaal in verband met die viering van die elfde verjaardag van die Beweging op 8 Augustus.**

**Die oproep lui:—**

„Tien jaar Ossewabrandwag lê agter die rug en daardie tien jaar was van die mees bewoë wat ons volk in die huidige geslag te beurt geval het.

Hoe die Ossewabrandwag sy plig in daardie tien jaar na sy beste oortuiging gedoen het, hoef ons nie te noem nie. Daarvoor spreek sy standvastigheid teenoor die interneringsbeleid van die oorlogsregering en die waaragtig Christelike en waaragtig nasionale prestasie van sy Noodhulpfonds toe die huisgesinne van die vorige regering se slagoffers deur alle ander organisasies — deur almal sonder noemenswaardige uitsondering — in die steek gelaat en vergete was.

**BROER SE HOEDER**

Met 8 Augustus tree die Beweging 'n nuwe bestaansjaar aan — sy elfde, en sekere gedagtes wat hy in die volkslewe ingedra het, gaan wel in die dae wat voorlê steeds meer erkenning in steeds wyerwordende kringe geniet: die gedagtes, naamlik dat ook in die volkspolitieke lewe elkeen die hoeder van sy broer is en dat **werkloosheid as 'n refleksie op die staat en nie op die werksoekende volksgenoot gesien moet word.**

**Want as ons die tekens van die tyd reg verstaan, gaan die tye swaar wees en juis daarin lê die bestaansnoodsaaklikheid van die Ossewabrandwag dat hy nog nooit aangesien is vir 'n mooiweersvriend nie.**

**Wat u op 8 Augustus vir die Ossewabrandwag doen, dit doen u ook vir die sosiale gewete van ons volk."**



Die Kommandant-generaal
DR. HANS VAN RENSBURG

# Staatsdiens Besig Leeg Te Loop

**Bedankings uit die staatsdiens gaan nog steeds met onverminderde tempo voort en die diens verloor daeliks van sy beste amptenare weens gebrek aan aanmoediging en vooruitsigte. Volgens mededeling van die sekretaris van die Staatsdiensvereniging, mnr. J. H. Basson, het 'n gemiddelde van ses amptenare daagliks hul ontslag geneem in die afgelope ses maande. In 1948 was dit gemiddeld agt en in 1947 vyf.**

In die regeringspers het daar in die afgelope weke talle briewe van staatsamptenare verskyn wat hulle ontevredenheid met die diens lug. Veral oor die vraagstuk van bevordering word baie klagtes geopper. Soos die staatsdiens vandag ingerig is, het die persoon met ondernemingsgees geen toekoms wat kan vergelyk met wat ander beroepe bied nie. 'n Verouderde stelsel van aanstelling, bevordering en indeling maak van die staatsdiens 'n masjien wat nog die amptenaar nog die publiek tevrede stel.

## Kommunistiese Baas Van Italië In Onguns?

Ingeligte kringe in die buiteland vermoed dat daar ernstige rusie uitgebreek het tussen Moskou en Palmero Togliatti, die leier van die Kommuniste in Italië. Togliatti was die afgelope jare een van die sleutelfigure van die Kremlin buite die ystergordyn. Die rusie mag aanleiding gee tot sy uitskakeling as een van die groot Kommunistiese leiers.

Die rede vir die twis sou voortspruit uit 'n beslissing van die Kremlin dat die mislukking van die Kommunisme in Italië te danke is aan die optrede van Togliatti. Sy mede-Kommuniste het hom glo in Moskou gaan aankla.

***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

## Organisasie Na Kommuniste Se Smaak

In Amerika is gevind dat dit nie altyd die lede van die Kommunistiese Party is wat die gevaarlikste is nie, maar dat dit dikwels die sogenaamde medepassasiers van die Kommuniste is wat die grootste bedreiging uitmaak.

In Kaapstad het Nusas (Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente) die afgelope week vergader. Onder die aanwesige afgevaardigdes was ook 'n paar naturelle. Daar is geen Kleurlyn gehandhaaf nie en hulle het saam geëet, tee gedrink en saam gesit.

Op die vergadering het die voorsitter, mnr. P. Tobias verklaar:

„Die verklaring van die Eerste Minister dat die regering beoog om apartheid in te voer aan die hoër onderwys-inrigtings is rede vir ernstige besorgdheid. Nusas het leiding gegee in die teenstaan van sulke optrede en moet waaksaam bly teen enige poging, direk of indirek, om die regering se voorneme toe te pas."

Die bedrywighede van hierdie studente-organisasie was die afgelope week die banier-berig van die orgaan van die Kommuniste.

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.

# TEENSTELLING TUSSEN PRESIDENT EN EERSTE MINISTER

**Die goedkoop en holrug-geryde beskuldigings teen die O.B.-rigting as sou dit net 'n diktatuur tevoorskyn wil roep, kan moeilik weer brandsiekerig ingespan word as dit gaan oor lof aan die veelgeroemde demokrasie van die Verenigde State. En dis juis waaroor dit hier gaan.**

## V.S.A. As Voorbeeld

Daarmee wil nou nie ongekwalifiseerde lof aan alles wat die V.S.A. eie is gebring word nie; wel wil egter daarmee beweer word dat **op sekere punte** in besonder die Verenigde State ons wat nog aan die ortodokse Britse grondwet vasklou, vér vooruit is. Ons het daar te doen met 'n jong land soos ons s'n, uitgestrek oor baie meer vierkante myle en gesmee uit die nasionaliteite van die wêreld. Nietemin het hierdie land wat vreemdelnge uit alle dele in hul miljoene ingeneem het so 'n sterk nasionale en eie rigting en persoonlikheid ontwikkel dat selfs nie deelname aan 'n wêreldoorlog daardie eenheid kon breek nie. Daar was nie eens noemenswaardige sabotasie nie.

En ons in die Unie sukkel nou nog om 'n blanke bevolking van skaars 'n paar miljoen tot 'n nasionale eenheid op te voed, met welslae soms nog ver agter die gesigseinder!

### WAT WAS EERSTE?

Dit word met 'n groot mate van regverdiging deur ons as republikeine geredeneer dat 'n groot oorsaak van ons agterstand aan ons voortdurende gebondenheid aan die kwasi-vaderlike Statebondsgesag van Groot Brittanje toe te skrywe is. Die gevolg daarvan is dusver — helaas! — nie slegs politieke kinderlikheid nie maar veral ook kinderagtigheid. Vandaar die gebrek aan 'n nasionale suigkrag en daaruitvloeiende eenheid.

Die tyd is egter ook daar om in die taal van die klassieke beeld, af te vra wat eerste was, die hen of die eier? **Is die gebrekkige nasionale selfstandigheid die gevolg van die ontbrekende republikeinse status, of die oorsaak?** Die waarheid bestaan hier blykbaar uit twee dele; maar die deel wat dusver misken is, is die rol wat gespeel is deur ons staatsmasjien om ons staatkundige lewe te verdor en te meganiseer in belang van politieke werktuigkundiges in plaas daarvan dat dit besielend moes inwerk op die gevoel van nasionale trots, nasionale eenheid, nasionale eer, nasionale roeping en selfstandigheid.

### DIE WORTEL VAN KWAAD

Die volledige ontleding van hierdie probleem kan boekdele beslaan; dog 'n onderdeel daarvan wat besondere aandag verdien is sekerlik die posisie van ons Eerste Minister vergeleke met dié van die President van die V.S.A. **Die sentrale verskil tussen die twee is dat eersgenoemde vir sy voortbestaan as regeringshoof van die meerderheidstem in die Volksraad afhanklik is, terwyl laasgenoemde deur geen neerlaag in die wetgewende liggame van die V.S.A. ontsetel kan word nie, maar sy termyn moet uitdien. Omgekeerd weer in die Unieparlement onderhewig aan ontbinding deur die Eerste Minister terwyl die Senaat en Huis van Verteenwoordigers in die V.S.A. elk sy gesette termyn moet uitdien.**

### DIE LOTE

Gaande word die lote wat die wortel uitskiet meer sigbaar in hulle naakte onaantreklikheid. **Eerstens is daar die verlammende gevoel wat hom van die hele nasionale staatkundige lewe meester maak as die regering voortgaan in die skaduwee van dreigende ontslag.** Optrede raak onderdag, soms histeries, in 'n opgewonde poging om die laaste greintjie munt uit die landsprobleme te kan slaan voordat die die stemdag onverwags en onwelkom mag daag. Die hele land en sekerlik elke L.V. leef in onsekerheid en afwagting. Ontbinding mag van bo, d.w.s. op inisiatief van die Eerste Minister kom as hy sy kanse goed skat, of van onder, d.w.s. as gevolg van 'n skielike muitery in regeringsgeledere in die parlement.

Die huidige toestand in die Unie is 'n nie-swakke illustrasie van die bo-gebeelde.

### DIE ENIGSTE MIDDEL

**Vir hierdie potensieel-onbeperkte onsekerheid in ons regeringstelsel is daar 'n onaangename dog onvermydelike middel: verbete party- en koukusdissipline wat geen muitery gedoog nie en geen trou, ook nie dié aan land en volk, hoër skat as die trou aan die alvermoënde PARTY met sy PARTYLEIDING en dienstige PARTYMASJIEN nie. Dit is ongelukkig die enigste wyse om bestendigheid in die politieke bewind te verkry. Die PARTY veg verkiesingstryde, die PARTY wen of verloor, die PARTY regeer, die PARTYLEIER is regeringshoof, die PARTY-INDOENAS word kabinetslede, PARTYbesluite in die PARTYKOUKUSSE word die wette van die land nadat die PARTY-beheerste parlement sy slawe-„ja" genotuleer het.**

Dis die onontkombare teenmiddel teen chaos in ons veelgeroemde Britse regeringsmasjien.

### DIE ALTERNATIEF

Die posisie in die V.S.A. is radikaal anders en radikaal beter, tenspyte van baie en ooglopende gebreke. Daar het die President die versekering van 'n vierjaarlange termyn om sy deug of onwaarde aan die kiesers te bewys. **Hy is nie die boonste sluitsteen van 'n politieke piramied wat hom na benede kan pluk nie. Tans reeds het Truman 'n groot neerlaag gely sonder dat die masjien van die staat ontwrig word.** Nòg sy ontslag nòg die ontbinding van die wetgewende liggame waarmee hy moet saamwerk vind plaas. Die behoefte aan die ysere partymasjien om die land se regerende apparaat te laat

**Deur J. de Vos**

**fungeer verdwyn, en hoewel daar tog partye bestaan is hulle invloed anders en minder, veral op die wetgewende program, as in die Unie.**

Hierdie stelling word gestaaf deur 'n reeks feite: belangrike wetgewing word selde of nooit met 'n suiwer partymeerderheid aanvaar of verwerp nie; inteendeel, die partye verdeel op meriete-grondslag; belangegroepe en plaaslike belange tel vir veel meer as blote partybelang; lede verteenwoordig werklik hulle kiesafdelings en is nie soos hier die boeties van die partydiktator nie. Die President met sy groot magte bly egter die waghond van die volk as geheel en as hy 'n sterk saak het kan en durf niemand hom keer nie; dit het in die afgelope Wêreldoorlog alte duidelik geblyk. Immers is hy sowel as die wetgewende liggame daarvan bewus dat die volk se beurt om oordeel te vel gewis sal kom — en wee die te lig bevondene! Grondwetlik kan die President egter nooit met die kar op loop gaan nie, want die magte van die wetgewende liggame is groot genoeg om hom te dwarsboom as hulle hul voor die volk kan verantwoord. Hulle skroom ook dan nie om hulle magte selfs teen die sterkste President soos bv. „F. D. R." was, te gebruik as hy te vinnig of te ver beweeg nie.

### GEEN KOUKUSDIKTATUUR!

Die weldadige gevolge sluit verder in: geen koukusdiktatuur wat eintlik wetgewend optree nie; geen partydiktatuur wat geen buite-party-invloed êrens in die politieke wêreld gedoog nie, inteendeel is selfs die kabinette van die President nie uitsluitend uit een party saamgestel nie; dus geen partymasjien soos ons dit ken met langsame bevordering alleen vir die partygehoorsames na die vergadersale van die „grotes" nie, inteendeel, die aanwending van die uitstaande begaafdes van die land deur opname in die kabinet en sonder dat hulle lid van die parlement hoef te wees; geen kans dus dat uitstaande persone soos wyle dr. Hendrik van der Byl, dr. Van Eck, dr. M. S. Louw en andere eers in die twyfelagtige praktyke van die politiek „geskool" moet word voordat hulle uitstaande kragte in nasionale diens gestel kan word nie.

### EINDELIK NASIONALE GESINDHEID

Met die heerssugtige partymasjiene uit die weg word sake geleidelik uit die standpunt van gesonde verstand en op meriete benader, bespreek en gereël; regeringsoptrede word steeds meer nasionale optrede i.p.v. party-optrede; nasionale trots en selfstandigheid kan dan eindelik op die graf van die ou partytirannië gedy.

## VERSLAG OOR GRIEWE WORD OPGESTEL

Die Griewekommissie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, wat nou al nege maande besig is, berei hul eerste verslag vir die Minister van Spoorweë nou voor.

Die kommissie se sitting sal in Augustus voortgesit word wanneer die voormalige hoofbestuurder van die Spoorweë, mnr. C. M. Hoffe, ondervra sal word.

Die sekretaris van die kommissie het verklaar dat van die 2,900 griewe wat voor die kommissie gelê is, 1,200 tot dusver deur die kommissie verwerp is, omdat hulle buite sy opdrag val.

Die grootste deel van die griewe is na amptenare verwys, wat deur die Minister aangestel is om met griewe wat buite die kommissie se opdrag val, te handel.

Die sekretaris het verklaar dat 463 griewe aan die hoofbestuurder gestuur sal word. In hierdie gevalle is dit nie nodig om getuienis aan te hoor nie. Die meeste van die klagtes spruit uit die feit dat oudsoldate bo ouer manne bevorder is.


Altesame is 17 griewe van senior spoorwegamptenare aangehoor. Die kommissie se bevindings hieroor sal eerste aan die Minister voorgelê word.


## Indië Word Republiek


Die eerste minister van Indië, Nehru, het aangekondig dat voorlopig besluit is om Indië op 26 Januarie 1950 as 'n „republiek" uit te roep. Die nuwe grondwet sal vanjaar in Oktober aangeneem word. Dit is nog nie seker wanneer die verkiesing sal plaasvind nie.



# Versigtige verpakking verseker veilige aflewering


| Dit is ONSEKER | Dit is VEILIG |
| --- | --- |



Moenie goedere los verpak nie.


Maak alle ruimtes styf vol.


Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.


Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.


Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.


Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

*Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*

# WAT BEOOG WORD MET VOLKSEIE ONDERWYSSTELSEL

**Christelike Nasionale Onderwys is nie vir vrysinnige Suid-Afrikaners of Jode bedoel nie. Ons vra net vir onsself wat ons vir ander gun. Hulle kan hulle eie onderwysbeleid formuleer en dan kan ons almal saamwerk. Maar ons kan dit alleen in die praktyk regkry as ons die huidige stelsel van staatsonderwys- en skole omgevorm kan kry, en wel tot 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys en skole, verklaar prof. dr. J. Chr. Coetzee, bekende opvoedkundige en voorstander van C.N.O., in 'n artikel in Inspan waarin hy C.N.O. verduidelik.**

**Omdat hierdie onderwerp veral onder partypolitieke aandrywing in die jongste tyd op die voorgrond gestoot is, en ook omdat dit op die grondslag van ons volksverlede staan, ag ons dit nuttig om die artikel in sy geheel oor te neem.**

Oor die teoretiese aspekte van ons C.N.O.-beleid mag daar ingrypende verskil van mening wees. Mense met 'n ander lewens- en wêreldbeskouing as ons sal natuurlik van ons ten opsigte van die grondbeginsels en -gedagtes verskil. Dit is hul reg, en ek meen stellig dat die kern van die moeilikheid nie daarin lê nie. Christene met 'n ander beskouing as ons Calviniste, sal seker geen beswaar hê teen ons beleid insoverre dit 'n formulering van die Calvinistiese beginsels en gedagtes is nie. Hulle mag daarmee nie saamstem nie maar hulle sal ons ons beskouing gun. Nie-Christene sal, dit spreek vanself, nog minder met ons saamstem, maar hulle ook behoort ons ons beskouing te gun. In alle geval behoort andersdenkende Christene en alle nie-Christene aan die Calviniste hul beskouinge te gun solank dié nie staatsvernietigend en/of sede-bederwend is nie.

Nou sal daar seker niemand wees wat met enige reg kan beweer dat ons C.N.O.-beleid die staatsgesag ondermyn of die openbare sedelike lewe skaad nie. Die handhawing van die staatsgesag en die openbare sedelikheid tog is juis van die opsetlike beginsels van die Calvinisme in die algemeen. Ek wil dan ook aanneem dat die bitsigheid van die mense van die „Education League" nie gebore is uit ons verskil ten opsigte van ons opvoedkundige denke nie. Ek meen dat hul vrees en vyandigheid oorwegend van 'n praktiese aard is. En ek dink dat alles neerkom op die antwoord op die vraag: hoe moet of sal die C.N.O.-beleid in die praktyk van die opvoeding toegepas word? En daaroor wil ek nou graag my eerlike opinie uitspreek. Die mense van die „Education League" moet nou asseblief my (en ons) goeie trou aanvaar, want ek kan hulle uit die diepte van my hart verseker dat ons met die beleid geen negatiewe, destruktiewe doel het nie maar slegs 'n positiewe, konstruktiewe doel. Ons beoog met hierdie beleid nòg die ondergang nòg vernietiging van andersdenkendes; ons beoog twee positiewe, konstruktiewe dinge:

**ELKEEN SE IDENTITEIT**

(1) die behoud en bewaring van ons eie identiteit as Calviniste in Suid-Afrika, wat geen ander tuiste as Suid-Afrika het nie, en

(2) tegelyk die behoud en bewaring van die identiteit van andersdenkendes vir sover hul identiteit nie staatsvernietigend of sedeskadend is nie.

Van oorheersing, van onderdrukking, van verkragting van die regte van ander is daar geen sweem in ons beleid nie, en ook nie in die praktiese konsekwensie daarvan nie.

Laat ek die saak nou rustig uitwerk. Miskien sal dit andersdenkendes gunstiger teenoor ons stem, miskien sal dit hulle oortuig dat ons bedoelinge reg en opreg is, miskien sal dit hulle tot 'n ondersteuning van ons algemene beleid bring.

Om mee te begin, onderskei en erken ons 'n verskeidenheid van lewensrigting in ons volkslewe. Daar is eers die groot onderskeiding tussen Christene en nie-Christene. Onder die Christene aanvaar ons met die nodige respekte die verskil tussen die Calvinistiese, die Lutherse, die Anglikaanse as Protestantse rigtinge aan die een kant en die Rooms-Katolieke rigting aan die anderkant. Ons C.N.O.-beleid is bedoel vir die Afrikaanse Calviniste, en ons sal dankbaar wees as die ander Christelike rigtinge 'n eie opvoedkundige beleid elk wil formuleer en wêreldkundig maak. Net soos ons ons soort opvoeding vir ons kinders verlang en eis, net so sal ons die andersdenkende Christene in hul verlange en eise steun. Onder die nie-Christene onderskei ons veral tussen die Joodse gelowiges aan die een kant en die volslae ongelowiges van watter nasionaliteit ook al aan die anderkant.

Ons C.N.O.-beleid is nie bedoel vir ons Joodse medeburgers nie, nog minder vir die ongelowige, sê maar vrysinnige, Suid-Afrikaner nie. Ek wil hier baie pront-uit sê dat ons C.N.O.-mense bly sal wees as die Joodse gelowiges 'n beleid vir die opvoeding van hul kinders wil ontwerp. Ons sal hulle steun om hul soort opvoeding te verwesenlik. En ek wil nog verder gaan en sê dat ons vrysinnige mense sal steun as hulle 'n vrysinnige opvoedingsbeleid vir hul kinders ontwerp, en in die praktyk van die skoolopvoeding verwesenlik wil sien. Dit alles is geen oëverblindery of skynheiligheid van ons nie. Dit is opregtheid en goeie trou, want, kyk, ons vra vir onsself iets wat ons bereid is om aan alle andersdenkendes te gun. Maar hulle moet hul eie opvoedingsbeleid formuleer. Dan kan ons almal saamwerk om 'n ieder se diepste wense verwesenlik te kry.

Nou is die laaste vraag, **hoe gaan ons dit alles in die praktyk van die skoollewe regkry.**

**ANDER SKOOLSTELSEL**

Ons kan dit alleen regkry as ons die huidige stelsel van staatsonderwys en -skole omgevorm kan kry, en wel tot 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys en skole.

Staatsondersteunde onderwys is onderwys wat deur die staat ondersteun en dus gedeeltelik beheer word, maar wat ook deur die ouergemeenskap onderhou en dus gedeeltelik beheer word. **Na ons beskouing — en ek dink na dié van enige denkende mens — is die ouers, nie as individue nie maar as georganiseerde ouergemeenskap, die mense wat die meeste belang en reg by die skoolopvoeding het.** Hulle tog voed hul kinders in die huis op in 'n bepaalde rigting, hetsy Calvinisties, Luthers, Anglikaans, Rooms-Katoliek, Joods, liberalisties. En daar is geen enkele reggeaarde ouer wat nie minstens verlang dat sy kind op skool in dieselfde rigting as in die huis opgevoed moet word nie. Om dit kort te sê, die ouer moet beslis oor die soort opvoeding wat sy kind ontvang. Omdat daar Calvinistiese ouers is, moet daar 'n Calvinistiese opvoeding wees, en omdat daar Lutherse, Anglikaanse, Rooms-Katolieke, gelowige Joodse, vrysinnige of liberalistiese ouers is, moet daar 'n Lutherse, Anglikaanse, Rooms-Katolieke, gelowige Joodse, vrysinnige opvoeding wees. Mits (en dit geld vir almal) geen opvoeding staatsvernietigend of sede-bederwend is nie!

**RIGTINGLOOS**

Nou kan onder 'n suiwer staatsonderwysstelsel van die idee niks tereg kom nie: die staatsonderwys is uiteraard neutraal, sonder enige lewens- en wêreldbeskouing, sonder doktrine of dogma. Met so 'n stelsel kan geen Christen en geen gelowige Jood en selfs geen ernstige vrysinnige tevrede wees nie, want alle Christene, alle gelowige Jode, alle denkende vrysinniges het duidelike lewensrigtinge, want daar is geen mens met verstand begaafd wat sonder rigting is nie.

Die saak kom dus nou hierop neer. Ouers, van watter oortuiging ook al, wil hul kinders in daardie beskouing opgevoed hê. Christene en gelowige Jode in 'n bepaalde rigting elk, vrysinniges en liberaliste ook in 'n bepaalde rigting — die liberalistiese rigting. En omdat ouers 'n bepaalde soort opvoeding wil hê, moet hulle vir die opvoeding van hul kinders sorg. Die sorg bestaan daarin dat hulle moet toesien dat skole vir hul kinders opgerig word, dat die skole in stand gehou word en dat die skole behoorlik beheer word. Die inisiatief vir die stigting van skole moet uitgaan van die ouergemeenskap, en alleen waar dit totaal ontbreek, mag die Staat as regshandhawer oorgaan tot die stigting van skole. Die ouergemeenskap moet bydra (finansieel bydra) tot die instandhouding van die skole, maar ook hier moet die Staat as magsdraer en as regshandhawer sy deel — en dit sal die oorwegende deel van die onkoste vir instandhouding wees — bydra. Die Staat ondersteun dus die onderneming van die ouergemeenskap! En die ouergemeenskap moet deur middel van sy bestuur die skool beheer, maar dit sal slegs 'n gedeeltelike beheer wees, en wel om twee redes. Ten eerste, die Staat het belang en reg by die beheer en moet dus mede-verantwoordelik vir die beheer wees: dit doen hy deur 'n spesiale raad vir die doel saamgestel. Ten tweede, die onderwysers het ook hul belange en regte. Volgens ons beskouing is die skool 'n lewenskring met sy eie regte en pligte. Die onderwysers moet as professionele mense 'n baie groot aandeel in die beheer van die opvoeding hê: hulle tog moet beslis oor vraagstukke van leerplanne, leergange, onderwysmetodes, tug, inwendige organisasie. **Die ouergemeenskap beslis oor die gees en rigting van die skool, die Staat oor die peil van die onderwys en oor die reg van elke burger, die onderwyser oor die suiwer pedagogiese vraagstukke, nl. die praktiese opvoedkundige vraagstukke.**

**VERSKILLENDE SKOLE**

Verstaan ons mekaar nou in hierdie verband, dan kom sake per slot van rekening hierop neer. Daar sal skole wees vir Calviniste, Lutherane, Anglikane, Rooms-Katolieke en gelowige Jode, en vir vrysinniges of liberaliste. Daar is egter een belemmerende faktor, en dit is die hoeveelheidsfaktor. Iewers moet daar 'n perk aan die versprei-ding van die opvoedingsgeriewe gestel word, en die enigste geregverdigde beperking is dié van die aantal kinders. Ons reël dus: waar daar 'n voldoende aantal kinders van dieselfde rigting is, moet hulle 'n eie skool hê. Die vraag is nou: wie moet die minimum aantal bepaal? Daar is net een gesag wat dit kan doen: en dit is die Staat. Die Staat mag en moet die minimum neerlê. Wat gebeur nou as 'n ouergemeenskap nie die minimum aantal leerlinge kan

(vervolg op bladsy 6, kolom 2)

## Tussenverkiesing In Benoni

Die moontlikheid dat die tussenverkiesing vir die volksraad op Benoni op 'n driehoekige geveg gaan uitloop, is nie uitgesluit nie. Daar is reeds sprake dat mnr. Duncan Burnside van plan is om hom verkiesbaar te stel, maar hierbenewens word die name van mev. Jessie McPherson, namens die Arbeidsparty, en mnr. M. Nestadt, L.P.R., namens die Verenigde Party, as moontlike kandidate genoem.

Dit wil voorkom asof daar geen ooreenkoms tussen die Verenigde Party en die Arbeidsparty in verband met die tussenverkiesing gaan wees nie.

Die H.N.P. sal mnr. Burnside waarskynlik ondersteun as onafhanklike kandidaat.


Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels
en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en
Varkmeel




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414



O.B. JAARGANGE
JAARGANGE 1946-1947 — JAARGANGE 1947-1948
Nou verkrygbaar teen £1/5/- elk
VOORRAAD BEPERK
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad



*Indien u graag VIER PERSENT rente op u spaargeld wil verdien, tree in verbinding met u eie onderneming*
SAAMBOU
(Permanente)
BOUVERENIGING
HOOFKANTOOR:
Sanlam-gebou — Waalstraat 28 — Kaapstad
TAKKANTOOR:
Transvalia-gebou — Sentraalstraat — Pretoria
• Bate oortref £1¼ miljoen •

# Kommunisme Eintlik Die Hoofvak Van Koloniale Studente In Engeland

**'n Baie hoë persentasie van diegene wat uit die Kolonies in Afrika in Brittanje aankom, word aan boord deur 'n Kommunistiese agent ontmoet. Hy word dan voorsien van 'n lys van name van persone waar hy welkom sal wees. Hierdie persone is natuurlik almal Kommuniste en die meeste van hierdie besoekers keer terug na Afrika as oortuigde Kommuniste, berig die goed ingeligte Britse blad, Review of World Affairs.**

## Swartes Keer Terug As Rooi Agente

Die Weste se aandag is die afgelope jare al meer toegespits op Afrika met die oog op die ontginning en ontwikkeling van die gebied sodat die Weste weer kan herrys. Veral het Brittanje hierin die voortou geneem omdat hy meen dat Afrika, waar sy onontwikkelde kolonies op ontginning lê en wag, hom weer op die been kan bring.

**Die grootste probleem waarmee die ontginners van Afrika te doen kry, is om die politieke agitasie wat van buite af aangepor word, in toom te hou, skryf die blad.** Rusland weet dat Afrika 'n belangrike en strategiese rol speel in die planne van die Westerse moondhede en is ook bewus van die somme geld wat daar belê word. Hy is dus daarop uit om die gebied van binne so te rysmier dat die planne van die Weste in duie moet stort.

**ORAL ONRUS**

**„Daar is rede om aan te neem dat sekere onlangse politieke gebeurtenisse wat skyn spontaan te wees, in werklikheid die werk is van 'n personeel. Daar was ernstige moeilikhede in die Belgiese Kongo. Nuus hieroor is onderdruk. Die Goudkus en Nigerië is siedend van onrus. Abessinië is onder hewige Russiese invloed. Oral is die Indiërvraagstuk akuut. Ook in Egipte is daar onrus. Die hele vasteland van Afrika is die voorwerp van 'n plan wat geloods word deur 'n bekwame personeel wie se taak dit is om die hele plan van die Weste politiek te laat misluk."**

Die Britte en Amerikaners vind dit blykbaar nie nodig om veiligheidsmaatreëls te tref nie, maar skyn ook nie in staat te wees om die gevare wat ontstaan die hoof te bied nie, meen die blad.

In Brittanje word haas alle besoekers uit die kolonies in Afrika deur Kommunistiese agente ontmoet en bewerk. **„Die mees doeltreffende en bruikbare Sowjet-agente word in Brittanje onder die regering se neus opgelei".**

Daar is ruimte vir 'n anti-Kommunistiese beweging om toe te sien dat hierdie koloniale persone as anti-Kommuniste in plaas van as Kommuniste Brittanje verlaat, word ten slotte verklaar.

# SPRAKE VAN VIERING VAN OORLOG TEEN BOERE-REPUBLIEKE

**In Londen is daar die afgelope weke planne beraam om die begin van die Engelse oorlog in Suid-Afrika feestelik te vier. Dit sou gepaard gegaan het met optogte en die verrigtinge ter herdenking van die 50e verjaardag van die begin van die oorlog sou sy hoogtepunt bereik het met 'n diens in die katedraal van St. Pauls.**

In 'n persaankondiging is verklaar dat meer as 200 veldmaarskalke, admiraals, generaals en senior offisiere en 2,000 ander wat aan die oorlog deelgeneem het, hul aandeel in die verrigtinge sou neem. Die burgemeester van Londen sou die saluut waarneem.

**Toe hierdie feite bekend word het die Britse blad, Manchester Guardian, hierdie voorneme sterk veroordeel en gesê dat dit 'n gelukkiger keuse sou gewees het as die einde van die oorlog gevier sou gewees het.**

Die organiseerders van die viering het uiteindelik aangekondig dat die byeenkoms nie die viering van die begin van die oorlog sou wees nie, maar slegs 'n reunie van oudsoldate van daardie oorlog.

# Geen Verslae Meer Oor S.W.A. Aan V.V.O.

**Die Unie-regering het die V.V.O. in kennis gestel dat die Regering, terwille van doeltreffende administrasie, geen verdere verslae oor die Unie se administrasie van Suidwes-Afrika aan die V.V.O. sal voorlê nie.**

Een van die redes wat vir hierdie besluit aangevoer word, is dat hierdie verslae, wat tot dusver vrywillig aan die V.V.O. voorgelê is, die geleentheid geskep het om die Trusteeskapraad en die Trusteeskapkomitee te gebruik as 'n verhoog vir die uitoefening van kritiek en sensuur op Suid-Afrika.

'n Afskrif van die Wysigingswetsontwerp op Suidwes-Afrikaanse Sake van 1949, is „slegs vir inligting" aan die V.V.O. gestuur.


Inligting wat voorheen in verslae aan die Volkebond belgaam was, sal in die toekoms nog tot beskikking van die algemene publiek gestel word.

**ANTWOORD**

In die Unie-regering se besluit word weer beklemtoon dat die nuwe reëling vir nouer samewerking met die Unie, nie inlywing beteken nie en dat die Unie-regering sal voortgaan om die gebied „in die gees van die mandaat" te administreer.

Hierdie besluit is die antwoord van die Unie-regering op die V.V.O. se besluit oor Suidwes in November verlede jaar. Die Unie-regering wys daarop dat genoemde wetsontwerp die Unie-regering nie meer mag oor Suidwes verleen het nie, maar dat Suidwes inteendeel 'n groter mate van selfregering deur hierdie wetsontwerp verkry het as wat in enige ander provinsie van die Unie bestaan.

Luidens die jongste besluit van die V.V.O., wat op 24 Februarie aan die Unie-regering verstrek is, doen die V.V.O. aan die hand dat die Unie, tot tyd en wyl daar 'n ooreenkoms met die V.V.O. oor die toekoms van Suidwes-Afrika bereik is, voortgaan om jaarliks besonderhede oor sy administrasie van die gebied aan die V.V.O. te verstrek.

Heferleerling Jannie Vermeulen.

**Stoere Manlikheid kan u ook verkry**

**Skryf aan:**

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ..............................

Adres: ..............................

Ouderdom: ..............................

O.B. 25/5/49.


# VREES DAT BRITSE GEBIEDE DALK KAN VERAFRIKAANS

**Daar is alle tekens dat persone in verantwoordelike posisies in Brittanje ernstig bekommerd voel oor die gevolge van die verhuising van 'n groot aantal Afrikaners uit die Unie na Rhodesië en die gebiede ten noorde van Suid-Afrika. In die Britse laerhuis is daar dan ook die afgelope week aangekondig dat Afrikaans in skole in hierdie gebiede ontmoedig moet word om te verhoed dat hulle Afrikaanssprekende kolonies word.**

In 'n poging om die Britse regering tot dade te laat oorgaan in hierdie verband, het Frederick Skinner (Arbeider) aan die betrokke minister gevra:

„Met die oog op die onwenslikheid dat Kenia en Noord-Rhodesië Afrikaanssprekende kolonies word, sal die minister van kolonies die amptelike voorsiening van skole met Afrikaans as medium van onderrig vir kinders van Suid-Afrikaanse nedersetters van Hollandse afkoms ontmoedig?"

Hy wou ook weet in hoeveel gevalle spesiale voorsiening gemaak word vir die handhawing van Afrikaanse private skole in Noord-Rhodesië, Niassaland, Tanganjika en Kenia.

Daar is geantwoord dat geldelike hulp aan een Afrikaanse skool in Tanganjika en een in Niassaland verleen word. Die minister het gesê dat daar geen rede is vir die koers wat Skinner aan die hand gedoen het nie. Daar bestaan ook geen noodsaaklikheid vir ontmoediging nie.

Kolonialers van die vorige geslag onthou nog goed hoe hulle verbied was om Afrikaans in die skole in Kaapland te gebruik toe daar van Britse kant 'n veldtog geloods is om alle Afrikaners te verbrits.

Blykbaar wil hierdie Brit dieselfde beleid weer ten noorde van Suid-Afrika toegepas sien.

# Indië Vra Tafelronde Met S.A.

Die regerings van Indië en Pakistan het die regering van Suid-Afrika genader met 'n voorstel dat 'n tafelronde belê word om die geskil tussen die drie lande te bespreek. Volgens berigte oorweeg die Eerste Minister hierdie voorstel.

Vermoedelik sal die Unie-regering daarop aandring dat die Indiese regering se boikot van die handel met Suid-Afrika opgehef moet word voordat daar nog oor ander sake gesels kan word.

Die vorige tafelronde met Indië het in 1928 plaasgevind toe die huidige Eerste Minister, Minister van Binnelandse Sake was.

Dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, het die afgelope week samesprekings gehou met die Eerste Minister in verband met die Indiese versoek.




**TE KOOP! £5!!**

—Nee, die nie 'n *paaiement* nie maar bloot die paar pond wat dit u mag kos om u huis en sy inhoud teen brandskade te verseker.

Sorg dat u huis en die inhoud u eiendom sal BLY, deur—

**'n SANTAM - Brandpolis**

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

**Takke en Agentskappe Oral**

2808-4a

G 24029




**Rook SPRINGBOK Medium**

DIE GELUKKIGE KEUSE

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### HUWELIK

**VILJOEN—FOURIE.** — Mnr. en mev. S. A. Fourie, Poloweg 27, Observatory, maak bekend dat hul tweede dogter, Caroline, D.V. op 23 Julie 1949 om 3-uur nm. in die N.G. Kerk, Observatory, in die huwelik bevestig word met Andries (Corrie), derde seun van mnr. en mev. A. P. Viljoen, van Southfield. Geen kaartjies, maar die familie en vriende is welkom by die ontvangs te Poloweg 27, Observatory. 20/7/1.

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman,** Robertson. TK/30/3

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**T.K.**

**DEKRIET: DEKRIET:**—Stuur u bestellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

**Chantenay-wortels** 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

**Cederberg - Rooibostee**
Spesiaal gekweek
Suiwer; Eerstegraad
Verpakker „TEEKONING"
Citrusdal, K.P.

### PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

# WAT MET C.N.O. BEOOG WORD

(vervolg van bladsy 3, kolom 4)

byeenbring nie? Daar is drie redelike uitweë: (1) Die ouergemeenskap mag 'n privaatskool stig wat deur die Staat ondersteun moet word, of (2) die Staat stig skole vir alle kleiner groepe, maar dan moet ons goed verstaan dat die onderwys daar noodwendig neutraal sal wees, of (3) die ouers stuur hul kinders na een van die Calvinistiese of Lutherse of Anglikaanse of Rooms-Katolieke of gelowige Joodse of vrysinnige skole waar die onderwys noodwendig nie neutraal sal wees nie, maar in die geval weet die ouers presies waarheen hul kinders gaan en kan hulle die nodige waarskuwing aan die kinders gee, nl. „julle gaan daar om kennis en vaardigheid op te doen, maar onthou dit is nie ons rigting nie, ons as ouers sal tuis sorg vir die leiding in ons gees en rigting."

### EIE ERFENIS

Op dié wyse, meen ek, kan reg en geregtigheid aan almal geskied. Daar is en kan dus geen idee wees om alle onderwys te ver-F.A.K. nie, nog minder om alle onderwys te ver-Potchefstroom nie — soos prof. M. C. Botha dit in **Die Suiderstem** van 15 Februarie 1949 uitdruk — en totaal nie om 'n twintigste-eeuse inkwisisie op onderwysgebied in te voer nie. Die F.A.K. se beleid is, om dit nogeens te herhaal, bedoel vir die Calvinistiese deel van ons volk. Ek meen as regdenkende en „liberaalvoelende" mense hierdie beskouing hul billike en welwillende aandag skenk, sal al die twyfel en verdenking self wegval. Ons Calviniste het nou al vir 'n anderhalfeeu ervaar die gebrek aan seëninge van 'n liberalistiese onderwysbeleid. **Uit die ervaring is gebore ons opregte begeerte om nou eindelik en ten laaste in ons erfenis in te gaan, maar daaruit is ook gebore ons opregte begeerte om aan andersdenkendes, Christene en nie-Christene, dieselfde vryheid te gun as wat ons vir onsself begeer.** En laat ek dit nogeens en met die meeste nadruk sê dat daar min lewensrigtings is wat meer vergewensgesind, meer vryheidliewend, meer ernstig en opreg is as die Calvinisme. Ons ken net een hoogverhewe lewensdoel, en dit is die verheerliking van ons Skepper, ons God en Vader. En niemand met so 'n oortuiging kan nie anders as om billik en opreg teenoor ander mense te wees nie; die grootste vryheidstryd is juis gevoer deur mense met 'n Calvinistiese oortuiging, en dit is juis hulle wat die meeste in die lewe gely het en deur bitter ervaring ook geleer het die groot Bybelse waarheid: **doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen! Gee-en-neem is grondhouding van die Calvinis.**

---

**Die appèl** van **kardinaal Mindzenty,** die Katolieke primaat van Hongarye, het misluk. Hy het appèl aangeteken teen sy lewenslange tronkstraf. Die hof het egter die vonnis van 'n Katolieke priester, Ispanky ,wat ook lewenslange tronkstraf opgelê is, met 15 jaar verminder.

# Ploeg Raak Verouderd In Kanada

**In Kanada is daar 'n boerdery-omwenteling aan die gang waarin die ploeg besig is om in onbruik te raak. Dit is veral die geval by die boere van die uitgestrekte vlaktes van Saskatchewan aangesien die boere uitgevind het dat hulle baie beter betaal om die ligte grond met elke lente te eg.**

Groot egge, wat deur trekkers getrek word, sny die oorblyfsels van die vorige jaar se oeste stukkend en laat dit op die oppervlakte lê, in plaas van om dit, soos gewoonlik gedoen word, in te ploeg. As gevolg hiervan word die gevare dat grond op die oppervlakte wegwaai, verminder, terwyl strooi van die vorige jaar se oes, wat op die oppervlakte verrot, die grondvrugbaarheid verhoog.

'n Nog ingrypender verandering is die verdwyning van die „ou plaaswonings". 'n Toenemende aantal plaashuise staan leeg en verlate tussen die ryk koringlande. Dit is die gevolg van die stadige vooruitgang op die gebied van boerderymeganisasie.

### MASJINERIE

Boere belê steeds meer geld in masjinerie. Van die ryker boere koop aangrensende plase aan met die gevolg dat daar tans plase in Saskatchewan is wat uit tien plase of selfs meer bestaan en gevolglik elk meer as 6,400 akker beslaan. Hierdie groot plase word uitsluitlik met masjinerie bewerk.

Die eienaars van hierdie groot lappe grond het gevind dat dit vir hulle baie gemaklik is om hulle in die naaste stede te vestig en groot getalle arbeiders te huur om die saaiwerk tydens die lente en die oeswerk tydens die herfs te doen. Al wat die eienaars doen, is om nou en dan 'n besoek aan die plase te bring om te sien hoe die gesaaides vorder.

### RYK

Baie van hierdie boere het ryk mense geword met inkomstes van meer as £5,000 per jaar. Volgens raming kan plase wat op hierdie wyse bewerk word, nog winste afwerp al daal die prys van koring selfs tot so laag as 80 sent (4s.) per boesel.

Die gevaar dat die pryse so laag sal daal, is egter baie gering, aangesien beskermingsmiddels soos die regeringswaarborg met betrekking tot die prys van koring en die bystandswet insake prairieplase die boere sal deurhelp ingeval die oeste 'n mislukking is.

**Een van die nadele van die huidige toestand is egter die feit dat kleiner grondbesitters, wat nie oor genoeg kapitaal beskik om die nodige masjinerie aan te koop nie, uitgedruk word, aangesien dit, na berekening, tans ongeveer £10,000 kos om 'n plaas met die modernste soorte masjinerie toe te rus.**

Die trek van die platteland na die stede blyk duidelik uit die toename wat daar in die afgelope tien jaar in die bevolkings van dorpe soos, Regina, Saskatoon en andere plaasgevind het.

In een gebied staan 38 van die 60 plaashuise wat eers bewoon is, tans leeg, hoewel elke akker grond nog bewerk word.

# VERJAARDAG-KETTING

Soos ons in verlede week se uitgawe beloof het, plaas ons nou die name van maats wat verjaar 'n week vooruit. Hierdie week sal die name van maats wat gedurende die afgelope week verjaar het ook nog in die bladjie verskyn. Ons wens almal baie hartlik geluk.

### JULIE

14 Magdalena Smit, Stellenbosch.
Ockert du Toit, Aliwal-Noord.
15 Coert van der Walt, Potchefstroom.
16 Hilda Kruger, Paarl.
Piet Burger, Brandvlei.
17 Willem Fourie, Stutterheim.
Freda Niehaus, Wellington.
18 Hester Botes, Bultfontein, O.V.S.
20 Anita Louw, Stellenbosch.
Barry du Plessis, Kanoneiland.
21 Mara Rademeyer, Oudtshoorn.
Maria Eloff, Matooster, Tvl.
22 Jan Roux, Franschhoek.
23 Jan Nel, Kakamas.
24 André van der Spuy, Paarl.
Oltman Minnie, Oudtshoorn.
25 Rita Basson, Wellington.
Petrus Olivier, Oudtshoorn.
Barend van Halst, Kanoneiland.
Petrus Roos, Brits, Tvl.
26 Rudu von Weilligh, Agter-Paarl.
Jessie Malherbe, Franschhoek.
Johannes Visser, Kanoneiland.
27 Anita Kruger, Paarl.
Stephanie Watson, Bezuidenhoutsvallei, Johannesburg.
28 Willem Fourie, Stutterheim.
Rochelle van Schoor, Paarl.
Tjaart Roos, Brits, Tvl.

# BOEREJEUG-NUUS

## *Kaapse Skiereiland:*

**Op Vrydagaand, 8 Julie, het die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland weer in die Duitse Skoolsaal bymekaargekom vir een van hulle maandelikse geselligshede. Alhoewel dit die hele dag deur kliphard gereën het, was die opkoms nogtans baie bevredigend.**

Die aand is begin deur die sing van kampliedjies en ander opgewekte liedjies. Dit was veral prettig toe die span in twee groepe verdeel was en elkeen probeer het om sy groep te laat wen . . . in hulle ywer het dit partykeer nie saak gemaak wanneer 'n paar so 'n bietjie vals gesing het nie. Toe die kele moeg gesing was, het komdt. Callie le Roux die leiding geneem en die klomp laat speletjies speel. Dit was blikbord, masels en nog baie meer. Dit was egter nog glad nie genoeg om die klomp warm te maak nie. Toe gebeur daar iets wat almal blygemaak het — die eetgoed is bedien.

### BAADJIES WAAI

Nadat die inwendige mens versterk is, het ons voortgegaan met die speel van Volkspele. Ook baie gou het ons vergeet dat dit koud is en kort-kort het jy 'n baadjie of 'n trui sien waai. Toe ons deeglik moeg was van „Ver in die Wêreld Kittie" en „Daar kom die Wa", was dit maar weer eet. So goed het dit gegaan dat ons nie rekening gehou het met Vader Tyd nie. Wat was die teleurstelling toe groot toe daar aangekondig word dat dit alweer uitskei-tyd is.

Ons neem graag die geleentheid te baat om mev. Neethling wat as Pappot-kommandante opgetree het, baie hartlik te bedank. Ook baie dankie aan ons besoekers kommandante Leers, Altus en Manna en Bolletjies van die Paarl. U het ons werklik verras. Die volgende funksie word gehou op Vrydagaand 12 Augustus in die Duitse skoolsaal.

## *Bellville:*

Op Saterdagaand 30 Julie hou die Boerejeug van Bellville hul jaarlikse ete en daarna Volkspele in die Bellville Biblioteeksaal. Hul nooi almal vriendelik uit om hierdie funksie by te woon. Ons hoor dat dit 'n baie aangename aand sal wees wat gehou word ten behoewe van die 16 Desember-fonds. Die ete begin om sesuur en vanaf 8-uur sal daar Volkspele vir oud en jonk wees.

**BESTEL ALTYD ALLE**
- **KANTOORBENODIGDHEDE**
- **KANTOORMEUBELS**
- **SKRYFBEHOEFTES**

***BY***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD**

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENS, 20 JULIE 1949

*Kapt. Slegtkamp Vertel:*

# ONS WORD ONTBIED NA COLENSO

**Nadat ons die prisoniers afgelewer het, was ons vry om te maak wat ons wou. Dit was nog vroeg en ons slenter toe so 'n bietjie in die dorp rond. Omtrent half sewe die oggend stap ons verby die President se huis waar Sy Edele toe juis op die stoep sit. Skielik kom daar een van die wagte na ons toe en vra namens die President of ons masjiniste is, seker omdat ons so vuil was. Ons vertel hom dat ons so pas met 'n klomp prisoniers van Spioenkop aangekom het. Hy wou ons toe sien, maar ons laat weet ons is te vuil en sal later kom.**

Daarop gaan ons na die Transvaal-hotel en vra om 'n kamer. Hulle kyk ons baie krities aan maar gee ons oplaas 'n kamertjie agter in die agterplaas. Nadat ons 'n bietjie gewas het, is ons weer dorp-toe.

Ons eerste besoek was by die Veldkornet. Ons vertel hom hoe ons daar gekom het en dat hy ons moet help aan klere, ens. Hy was dan ook baie behulpsaam en gee ons 'n skriftelike bevel om alles te kry wat ons sou nodig hê. Nadat ons weer meer na fatsoenlike mense gelyk het en 'n koerant gekoop het, sien ons die verslag van Spioenkop met ons portrette daarby. Terug by die Hotel, buig die kruier voor ons en sê hy het 'n kamer reg vir ons op die eerste verdieping. Dit lyk toe al 'n bietjie beter.

**BETER**

Ongeveer half nege gaan ons na die eetsaal om te ontbyt. Die saal was taamlik beset deur die sogenaamde hoëre klas van Pretoria. Ons wag en wag maar geen bediende bemoei hom met ons nie, al roep ons hulle ook. Dit begin my toe te verveel en ek staan op, loop na een van die tafels, en vat die kos wat op die tafel staan. Ek kon my lag nie hou vir die gesigte wat die gaste getrek het nie. Ook die bediendes kom aangestorm, maar ons voeg hulle 'n paar harde woorde toe en sê dat hulle moet weet met wie hulle praat: ons wil nie gelyk gestel word met daardie soort wat skuil agter ons bloed nie!

Wel, van toe af was die behandeling beter, veral nadat baie mense al die verslae in die koerante gelees het. Ons is toe selfs onthaal.

Na 'n paar dae gaan ons na Middelburg, die plek waar ons aangesluit het. Die ontvangs was baie hartlik, en by ons vertrek kry ons 'n streepsak tabak en snoeperye. 'n Aantal vroue het ons ook by die stasie kom groet en ons 'n groot Vierkleur oorhandig met 'n oranje lint dwarsoor waarop staan: „God sy u banier". Nadat ons hul hartlik bedank het vir al die vriendskap wat ons geniet, vertrek ons met die trein na Pretoria.

**NA JOHANNESBURG**

Op Pretoria besluit ons om eers nog 'n uitstappie na Johannesburg te maak waar 'n neef van my stasiemeester was. Maar dan moes ons treinkaartjies hê. Ons gaan toe na die Goewernementsgebou om 'n verder pas en kaartjies te kry, en vertel aan die persoon wat ons te woord staan wat ons verlang, waarop hy vra wanneer ons van die front gekom het. Ons antwoord toe dat ons saam met 170 prisoniers gekom het en nie 'n pas het nie. Daarop wou hy sommer die Veldkornet bel om ons te arresteer, maar De Roos word kwaad en sê vir hom ons is vrywilligers en dat hy liewer na die front moes gaan, dan sou ons sy werk doen. Hy word toe mak en gee ons die kaartjies.

Ons bagasie het ons vooruit al gestuur na die pakkettekantoor op Germiston vir bewaring. Terwyl ons by my neef, die stasiemeester van Park-stasie, tuis was, kom daar 'n baie dringende telegram van generaal Botha dat ons so gou moontlik moes terugkom. Ons vertrek toe dadelik, maar op Germiston vind ons die kantoor gesluit en die personeel wil nie oopmaak nie. Ons slaan toe sommer een van die vensters stukkend en vat ons goed. Die stasiemeester laat egter die polisie kom en dié wou ons arresteer, maar gelukkig kom daar toe 'n trein van die front aan, vol Krugersdorpers. Hulle gewaar ons rusie, spring uit die trein en vra wat gaan aan, sodat die polisie uiteindelik besluit het om maar stilletjies pad te gee.

**COLENSO**

By generaal Botha is ons hartlik ontvang en gevra of ons lekker gekuier het en of ons nou weer reg is vir kwartierwerk. Die vyand het nou weer saamgetrek in die omtrek van Colenso en het kort daarna ook weer die geveg begin by die Boschrand, wat hoofsaaklik beset was deur die Krugerdorpers, wat maar dikwels die spit moes afbyt. Buller het al sy magte gebruik om die skande van Spioenkop te probeer uitwis. Die vuur van kanonne was verskriklik. Die Boeremagte was daar onder bevel van generaal L. Meyer, maar hulle was te min en die oormag te geweldig, sodat sommige burgers al gou begin retireer het, veral daar hulle bang was om deur die rivier afgesny te word.

Ek was juis met verkenning in die omtrek en op soek na generaal Meyer. Ek kry hom in sy tent in die bed, en roep hom: „Generaal, die soeklig en ander goed kan nog gered word!" Al antwoord wat ek kry was: „Laat my slaap". Julle kan wel verstaan watter antwoord ek hom daarop gegee het.

**TERUGTOG**

Ek kry toe weer vir De Roos en ons ry saam na die gevegsfront. Daar kom generaal Botha na ons, hou stil, en vra hoe dit lyk. „Generaal, daar is nog 'n kans", sê ek, maar hy antwoord: „Ja, as ek 'n 500 van julle soort gehad het, maar nou is dit te laat en die geskiedenis van Natal is verby."

O, seuns en dogters, hoe baie het nie geskree in die begin van die oorlog: „Ons moet die Engelse in die see jaag en piesangs gaan eet in Durban" nie, en waar was baie van die grootpraters nou?

Nou het die terugtog begin. Goed wat nie kon saamgevat word nie, soos tente en baie ander goeters, is aan brand gesteek. Ons was in die kommando onder generaal Botha wat die agterhoede gevorm het van die terugtrekkende magte. Kort voor sononder kom ons naby Ladysmith, en hoor ons dat Longtom nog op die berg staan. Met baie moeite en spanne osse het ons darem daarin geslaag om die swaar kanon in veiligheid te kry. Gedurende die gesukkel kon ons hoor hoe die kakies wat Ladysmith kom ontset het, hoera skree en te kere gaan.

De Roos en ek kry opdrag van generaal Botha (daar ons altyd in sy nabyheid was) om na Pretoria te gaan en aan te sluit by die nuwe Brigade wat nog taamlik rou was, sodat ons hul behulpsaam kon wees.

(Word vervolg)

---

*VERVOLGVERHAAL*

**Maats, vanaf aanstaande week plaas ons 'n vervolgverhaal, DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN, geskryf deur Oom H. S. van Blerk. Dit is 'n baie boeiende verhaal en maats kan gerus hul ander Boerejeug-maats wat nie so gereeld ons blad lees nie, daarvan vertel.**


---

# ONS NUWE WEDSTRYD

Maats, hier is 'n interessante wedstryd, waaraan almal kan deelneem. Ons gaan 'n sangbundel maak met liedjies wat deur ons maats self gedig is en wat betrekking het op ons Boerejeug, ons laertrekke en kampvure. Ons doen dit veral met die oog op die feit dat ons by die end van die jaar baie nuwe liedjies wil sing wanneer ons met die trein na die Pretoria-laertrek gaan en ook wanneer ons daar kampvuur hou. Onthou maats, dit moet sommer 'n puik laertrek wees en ons maats se eie puik liedjies moet daar gesing word.

Maats moet die liedjies so dig dat dit inpas by 'n bekende wysie. Dit hoef nie alleen wysies van Afrikaanse liedjies te wees nie. Maats moet net meld wat die wysie is wanneer hulle die liedjies instuur, of wanneer die wysie nie so bekend is nie, moet maats sê waar ons die musiek daarvan kan kry. Julle kan maar meer as een liedjie instuur.

'n Eerste, tweede en derde prys sal uitgeloof word aan die drie persone van wie die beste liedjies ontvang is. Lesers moet asseblief ook hulle ouderdomme meld wanneer hulle bydraes instuur. Kom, maats, julle het net tyd tot 31 Augustus! Skryf aan: DIE BOEREJEUG-WEDSTRYD, POSBUS 1411, KAAPSTAD.




**So sal die buiteblad lyk**

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
20 Julie 1949.

Beste Maats,

Vanmiddag was dit 'n hele konsternasie hier in die redaksie-kantoor. Dit was byna tyd dat ons ter perse moes gaan en die briewe-kolom was net klaar geskryf toe ons „Verjaardagketting-Redakteur", Dan du Toit, by die deur inkom. Ongelukkig het 'n onwelkome gas, 'n rukwind, saam met hom ingekom en daar trek ons briewekolom by die venster uit. Die redaksie-kantoor is op die sewende vloer van die Groote Kerkgebou en die briewekolom sweef toe hoog bokant die grond, om maar elke keer nog hoër die lugruim ingeruk te word wanneer die windjie effens sterker waai. Dan en Pans is af met die hysbak om onder in die straat te wag dat die briewekolom moet land. Hulle moes egter die stryd gewonne gee toe die buit skielik om die hoek van 'n hoë gebou verdwyn. Terug in die kantoor het hulle toe net weer begin woel om 'n ander brief te skryf toe 'n gawe Engelse oom ingestap kom met die stukkie papier. Hy het gesien hoe die wind ons van ons briewekolom beroof het en het toe self bo op die dak van 'n ander gebou gegaan om die brief te gaan haal. Die papier waarop die brief geskrywe was, het 'n O.B.-wapen bo-aan en hy het dus geweet waar dit tuishoort. Byna was julle hierdie week julle briewe-kolom kwyt.

**Veldknt. Noordewind van Rhyn van Kanoneiland** vertel dat die seuns nou gedurende die vakansie maar baie stil is, maar sodra die skole weer begin sal „Kanoneiland se kanonne weer begin dreun". (Wat die vorms betref, verwys ons jou brief na die Jeughoofkommandant, Noordewind. — Red.)

Komdte. Lenie Roos, Wellington, wat voorheen verantwoordelik was vir die redaksie-werk van ons blad, het ook van haar laat hoor en ons voorsien van sommer 'n groot klomp leesstof. (Baie dankie Komdte. — Red.)

MARIA VAN SCHALKWYK, DIST. WATERBERG, dit is daar ver in die Noorde, het ook aan ons geskryf. Sy is op die oomblik by die huis met vakansie en probeer, soos enige flukse Boerejeug-lid, altyd haar bes in die skool. Sy is in Std. 7 en op kosskool. Die kwartaal wat nou volg sal seker 'n baie interessante een wees want dan neem hulle intrek in hulle splinternuwe koshuis, „Pres. Steyn". Maria beloof om weer aan ons te skryf sodra sy terug is op kosskool. (Ons sal bly wees om weer van jou te hoor, en van al die kaskenades in die nuwe koshuis. — Red.)

Een van ons gereeldste skryfsters is LENIE DE KLERK van UPINGTON. Sy vertel dat daar nie veel nuus is nie as gevolg van die vakansie en die feit dat hulle baie ver uit mekaar woon, en nie so dikwels bymekaar kan kom nie. Hulle is op die oomblik besig om geld in te samel en maak gebruik van 'n baie

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

oulike metode. Elkeen kry 'n botteltjie en probeer soveel pennies as moontlik bymekaar maak. Die een wat die meeste het na 'n sekere tyd kry die botteltjie met die minste pennies as 'n prys en die res gaan dan na die kas. Lenie vra ook of dit nodig is om Voortrekkerrokke saam te neem na die Pretoria-laertrek. (Nee, Lenie, dit is nie nodig om 'n Voortrekkerrok saam te neem nie. Probeer slegs om die uniform te bekom, as jy dit nie al reeds besit nie. Die uniform is noodsaakliker daar ons graag sal sien dat ons Boerejeug almal eners aangetrek is by daardie geleentheid. Laat ons asseblief weet hoe dit toe afgeloop het met die pennie-insameling. — Red.)

Tot volgende week dan, maats.
Boerejeug-groete,
DIE BOEREJEUG-REDAKSIE.

---

**ANDER BOEREJEUGNUUS op bladsy 6**

# Pous Dreig Kommuniste Met Kerklike Ban

## Mag Selfs Nie Rooi Lektuur Lees Nie

**Die Rooms-Katolieke Kerk het, volgens aankondiging in die Vatikaan se amptelike orgaan, 'n waarskuwing aan alle Katolieke gerig waarin hulle met die ban gedreig word indien hulle lid van die Kommunistiese Party is of kommunistiese propaganda versprei. Die kerklike liggaam wat die besluit geneem het, het die vraag ondersoek of dit wettig is om 'n kommunis te wees of kommunisme goed te praat. Die antwoord was: „Nee, kommunisme is materialisties en anti-Christelik. Katolieke wat kommunisties is, is vyandig teenoor God al gee hulle voor om godsdienstig te wees."**

**Op die vraag of dit wettig is om boeke en pamflette te druk, te versprei of te lees wat die kommunistiese leerstellings propageer, was die antwoord ook negatief. Geen Katoliek sal hom hieraan skuldig mag maak nie, en die wat dit doen sal verbied word om die sakramente te gebruik en stel hulle bloot aan verbanning uit die kerk.**

Die besluit van die Vatikaan raak 'n groot aantal Italiaanse Kommuniste wat nog voorgee dat hulle aan die Roomse Kerk behoort. Sedert die jongste oorlog, toe Stalin op versoek van Roosevelt ingewillig het om 'n skyn van godsdienstige verdraagsaamheid voor te hou sodat dit makliker vir die Amerikaanse regering sal wees om volksondersteuning te kry vir sy pro-Russiese beleid, was dit nie nodig vir Kommuniste om hul kerk vaarwel te sê nie. **Tans word hulle van kerklike weë voor die keuse gestel wat Stalin voorheen van staatsweë aan hulle gestel het.**

Ook in Engeland is Katolieke nou voor die keuse gestel. Die sekretaris van die dokwerkers is onder andere een van die persone wat getref is, en volgens uitlatings van hom bestaan daar min twyfel dat hy die Kommunistiese Party gaan kies bo die kerk.

**Altesame is daar 300,000,000 Katolieke in die wêreld wat tans voor hierdie keuse gestel word. Hoewel dit weinig invloed op die Kommunistiese Party se getalle sal hê, sal die kerklike verbod die Kommuniste onregstreeks swaar tref. Goedige „mede-reisigers" van die Kommuniste wat hulle wetens en onwetens leen vir verspreiding van kommunistiese gedagtes, sal by voorbeeld nou geïsoleerd kan raak.** Die kerklike uitspraak het dan ook groot opskudding in kommunistiese geledere veroorsaak, veral in Italië waar die leier, Togliatti, dadelik 'n reuse-protesvergadering belê het.

As gevolg van die besluit kan daar 'n verskerping van die godsdienstige vervolging agter die Ystergordyn verwag word.

## „A.P. BLY NOG PASSIEF"

Die organisasie van die Afrikanerparty in Bloemfontein het geen amptelike versoek van die Nasionaliste om ondersteuning in die aanstaande provinsiale tussenverkiesing in Bloemfontein-Sentraal ontvang nie, luidens 'n verklaring wat deur mnr. I. L. Ferreira, organiserende sekretaris van die Afrikanerparty in die O.V.S., uitgereik is.

Dit is voorbarig om van Afrikanerparty-ondersteuning v i r die H.N.P. in hierdie tussenverkiesing te praat. Die Afrikanerparty se besluit om passief in die provinsiale verkiesings te bly, is ook op Bloemfontein van toepassing, aldus die verklaring.

## SKOP ALLE KOMMUNISTE UIT

**Die grootste vakbond in die wêreld, die Britse vakbond van vervoerwerkers wat 1,350,000 lede tel, het besluit om alle Kommuniste wat amptelike poste in die vakbond beklee, in die pad te steek. Agt lede van die vakbond se uitvoerende bestuur sal hierdeur getref word.**

# UIT DIE WEEK SE NUUS

**Volgens onbevestigde berigte sal prof. dr. D. B. Bosman, professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad, die Unie se volgende gesant in Holland wees.**

**Mnr. J. D. Pohl, Ondersekretaris van Buitelandse Sake sal die Unie se gesant in Portugal word, terwyl dr. P. R. Botha, die huidige gesant in Portugal, na België verplaas word. Dit is die eerste keer dat 'n gesant vir België benoem word aangesien Holland en België voorheen as 'n eenheid behandel is.**

●

**Agt inligtingsbeamptes wat die Unie in die buiteland sal bekend stel, is aangekondig. Voortaan sal daar inligtingsbeamptes te Ottawa, Nairobi, Lissabon, Den Haag, Rome, New York, Buenos Aires en Leopoldstad wees. Aanstelling sal ook gemaak word in Parys en Londen.**

●

'n Vergadering van sowat 300 Kleurlinge wat toegespreek is deur die redakteur van die plaaslike Kommunistiese blad, het besluit om die apartheid wat toegepas sal word in die Kaapstadse poskantore, teen te staan.

●

Daar sal nog minstens 15 myne in die Vrystaat ontwikkel word. Daarby is daar reeds ses nuwe myne tussen Klerksdorp en Randfontein, terwyl nog ses begin sal word.

●

**'n Droogteversekeringskema vir beesboere, waarkragtens veevoer gekoop en geberg kan word om lewende hawe gedurende droogtes aan die lewe te hou, word in die verslag van die Voerbankkomitee aan die hand gedoen.**

**Die Voerbankkomitee is in Maart verlede jaar deur die destydse Minister van Landbou, mnr. J. G. N. Strauss, aangestel, met mnr. S. J. de Swardt, hoof van die afdeling Ekonomie en Markte, as voorsitter.**

●

Aan die einde van verlede week, het Suid-Afrika weer 'n verdere £5,000,000 as terugbetaling van die goudlening aan Brittanje ontvang.

Tot dusver het die Unie dus altesaam £55,000,000 terug ontvang, sodat daar nog 'n verskuldigde balans van £25,000,000 is.

●

'n Groot toename in die produksie van varkvleis het die afgelope jaar gekenmerk. 'n Totaal van nie minder nie as 619,230 varke is by alle slagpale in die Unie geslag, wat die vorige rekord — in 1947 — met 29 persent oortref en dié van 1939 met 144 persent, volgens amptelike statistiek.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

OSSEWABRANDWAG - DAG

BASAAR

sal gehou word in die

BANKETSAAL

van die Stadshuis op STELLENBOSCH

*op SATERDAG, 6 AUGUSTUS om 10 vm.*

● Die KAFEE waar ligte ETES bedien sal word, open om 10.30 vm.

— *Alle Afrikaners Welkom!* —

# Jode Ontdek Waarde Van Arbeid

**Joodse leiers probeer dit tans by Jode wat in Israel aankom inskerp dat hulle produktief moet leef deur landbouers te word in plaas van middelmanne soos hulle in Europa gewoond was. Sonder dat hulle produktief bydra tot die land se welvaart kan Israel nie sy moeilikhede oorkom nie. In hierdie trant word die nuwe aankomelinge in Israel verwelkom.**

Hierdie poging om van die Jood 'n landbouer te maak deur hom weer te leer om met sy hande te werk, het onlangs ook weerklank gevind toe dr. Syngalowski, 'n leier van een van die Joodse wêreld-bewegings, 'n vergadering in Johannesburg toegespreek het.

Hy het verklaar: „Die Jood moet weer wortel skiet in die produktiewe beroepe. Dit is die enigste waarborg vir sy daaglikse brood. In die dele van Europa waar die Jode hul middelman-beroepe laat staan het en oorgeskakel het na produktiewe beroepe is hulle lewens weer gestabiliseer. Kultureel en in elke ander opsig toon hulle lewe 'n opwaartse neiging. Wat meer is, hierdie veranderde sosiale status van die Jood maak 'n baie gunstige indruk op die nie-Jood wat nie gelei word deur anti-Semitisme nie."

Afrikaners wat onlangs 'n besoek aan Palestina gebring het, verklaar dat hulle verwonderd gestaan het om te sien dat die Jode ook die hand aan die ploeg kan slaan en dat hulle bruin gebrand is. Hierdie landbouers is lank en skraal en die kenmerkende ronde maag is totaal afwesig.

## APARTHEID IN KAAPSE POSKANTORE

In die toekoms sal blank en nie-blank in die poskantore van die Kaapse Skiereiland apart bedien word. Die dienste sal gelykwaardig wees. Hierdie aankondiging is gedoen deur die Minister van Pos- en Telegraafwese, dr. T. E. Dönges.

Hierdie nuwe reëling sal sowat 53 poskantore raak. Nie-blankes sal opgelei word om hul eie mense te bedien. Die plan is dat daar twee poskantore uitsluitend vir naturelle en vyf uitsluitend vir Kleurlinge sal wees. Alle nuwe poskantore sal met aparte ingange en toonbanke vir blankes en nie-blankes gebou word.

Die reëlings geld ook die hoofposkantoor waar aparte toonbanke vir blank en gekleurd ingerig sal word.

## Britse Invoer Drasties Besnoei

Brittanje sal as gevolg van die verskil tussen sy uitvoer en invoer verplig wees om sy dollar-invoere in 1949-1950 met £100,000,000 in te kort, het die Britse minister van finansies, sir Stafford Cripps, aangekondig.

Vir die Britte sal dit beteken dat hulle hul gordels nog stywer sal moet trek. Suiker en lekkers sal voortaan ook gerantsoeneer word. Die Britte sal ook baie minder moet rook. In plaas van jaarliks £27,000,000 aan tabak te bestee sal net £5,000,000 daarvoor beskikbaar gestel word.

**● Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

SKENK

MERINO- en KARAKOELWOL

vir

DUITSLAND



● Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.

● U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.

● Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol D A H A en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

*D A H A* — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD